# Fokus

*Fokus* is 'n rubriek waarin artikels van 'n meer populêr-wetenskaplike aard gepubliseer word. Artikels wat vir hierdie rubriek aan die redaksie voorgelê word, moet voldoen aan dieselfde tegniese vereistes as navorsingsartikels (kyk asseblief die *Voorskrifte vir skrywers*). Bydraes vir *Fokus* word aan 'n interne keuringsproses onderwerp en kwalifiseer nie vir subsidie nie.

## Inhoudsopgawe

*Phia van Helden*

Die aktiwiteit van die belydende GKSA-vrouelidmaat tydens die erediens 501

# Die aktiwiteit van die belydende GKSA-vrouelidmaat tydens die erediens[1]

Phia van Helden
Gereformeerde Kerk Centurion
PRETORIA
E-pos: mvhelden@mweb.co.za

**Abstract**

**The activity of the female communicant during worship services in the Reformed Churches in South Africa (GKSA)**

*This article is a report of research done on how a female communicant in the GKSA can be active in Christ while certain traditions tie her tongue, hands and feet. By attempting to outline the internal and external activity of female communicants during worship, this article attempts to determine empirically the extent to which current church practice is Scriptural within The Reformed tradition. Definite and specific tendencies regarding the nature of female ministerial empowerment in the churches have been noticed. Suggestions concerning expanding the involvement by women during worship services have also been indicated. A possible response to the questions raised in this regard depends on the attitude and willingness of the GKSA to correct inhibiting and unbiblical traditions and to reform according to the essence of the Bible. Real reformation is the only way to ensure that a Reformed scriptural approach towards female Christians will be practised in future – an approach that will enable female members to participate fully in worship services.*

**Opsomming**

**Die aktiwiteit van die belydende GKSA-vrouelidmaat tydens die erediens**

*Hierdie artikel is 'n verslag van navorsing wat gedoen is oor hoe 'n belydende vrouelidmaat in die GKSA tydens die erediens in Christus aktief kan wees, terwyl bepaalde tradisies haar tong, hande en voete*

1 Hierdie artikel is 'n verwerking van 'n ondersoek wat geloods is oor die huidige aktiwiteit van die belydende GKSA-vrouelidmaat tydens die erediens. Dit maak deel uit van die navorsingsprojek "Die vrou in kerk en samelewing" van die navorsingsfokusarea van die Fakulteit Teologie van die PU vir CHO. Daar is verslag gedoen van hierdie navorsing tydens die vierde werksbyeenkoms van die navorsingspan in September 2002 in Potchefstroom.

*bind. Daar is gepoog om die huidige mate van Skriftuurlikheid volgens gereformeerde tradisies empiries vas te stel deur die vrou se innerlike en uiterlike aktiwiteit tydens die erediens na te gaan. Duidelike en spesifieke tendense in die kerke is opgemerk aangaande die toerusting wat vroue deur die bediening in die betrokke kerk ontvang. Voorstelle word ook gemaak hoe om die betrokkenheid van die vrou tydens die erediens uit te bou. 'n Moontlike antwoord op vrae wat in dié verband gestel is, hang af van die GKSA se gesindheid om onskriftuurlike tradisies reg te stel en die bereidheid om terug te beweeg na die wesenlike van die Bybel. Daadwerklike reformasie is die enigste pad om te verseker dat Gereformeerdes in die toekoms 'n Skriftuurlike benadering teenoor die Christenvrou sal handhaaf – 'n benadering wat vroulike lidmate in staat sal stel om onbelemmerd aan die erediens te kan deelneem.*

## 1. Inleiding

Die aktiwiteit van die belydende vrouelidmaat tydens die erediens is tans binne die geledere van die GKSA in die spervuur. Die navorsingsresultate wat in hierdie artikel gedokumenteer word, is 'n poging om 'n bydrae te lewer tot die normalisering van die posisie van die vrou deur empiries te bepaal hoe vroulike lidmate tipiese GKSA-eredienste beleef. Voordat die bevindings van dié ondersoek geïnterpreteer word, is dit egter nodig om die vertrekpunte vir die navorsing kortliks uit te spel.

Die uitgangspunt vir hierdie ondersoek was dat die Bybel, wat nooit los van die kultuur-historiese gegewens staan nie, die Woord van God is. Die *in Christus*-beginsel en die uitlewing daarvan is in die aanpak van die navorsing vooropgestel.

### 1.1 Om gereformeerd te wees

Vir gereformeerdes is Christus die enigste hoof van die kerk. In navolging van Hom word slegs na die Skrif geluister (*Inst*., IV 6:9, 8:8; Calvyn,1992). Om te doen wat die Skrif eis, vra voortdurende *selfverloëning* (*Inst*., III 7:2, 8-10; Calvyn, 1992). Carmody (1995:209) stel dit soos volg: “The more fully we imitate Jesus in living outside our own selfishness, living by the power of God's spirit to transform our space and time, the less sexist and more egalitarian we ought to become.”

Selfverloëning impliseer verandering, “voortdurende korreksie” (Van Wyk, 1983:32). Verandering geskied volgens Calvyn altyd terug na die Skrif toe; nie 'n “duimbreed”-afwyking weg van die Skrif word toegelaat nie (*Inst.*, III 19:13; Calvyn, 1992). Gereformeerd-wees streef die *Sola*-

uitgangspunte in gehoorsaamheid na. Dié gehoorsaamheid lei tot 'n kerklike etos wat mettertyd 'n kerklike tradisie word.

Aan die een kant van die kerklike tradisie stel Pieter Craffert (2002) dat dié gereformeerde leer ortodoks en tiperend van die pre-moderne en moderne tydperke is, dat die ortodokse standpunte op sigself nie verkeerd is nie, maar dat ortodoksie nie meer sinvol is nie. Aan die ander kant was die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika tydens die stigting in 1859 bekend vir die strengste soort Calvinistiese ortodoksie. Tussen dié twee pole is Gereformeerdes steeds besig met die Bybel. Die mate van gereformeerdheid word egter altyd bepaal deur nougesette besigwees volgens die wesenlike van die Bybel (Odendal, 1985:808). Dis juis die wesenlike van die Bybel wat Gereformeerdes by selfverloëning en 'n bereidheid tot regstelling bring – regstelling ook in 2002 wanneer daar moontlik tog wél meer as 'n "duimbreedte" van die wesenlike van die Skrif afgewyk word.

Ook Helberg en Van Rooy (1995:663) wys byvoorbeeld op 'n spesifieke "duimbreedte-afwyking". Hulle toon aan dat lidmate en predikante, die idee van *volke* aan 'n skeppingsordinansie verbind het, terwyl die Bybel eintlik stel dat dit nie die geval is nie. Dié onskriftuurlike denkrigting is deur predikante gepreek, geleef en geglo en lidmate is op hierdie manier – al is dit onbewustelik – op 'n dwaalweg gelei. Die moontlikheid bestaan dat ook ánder onskriftuurlike denkrigtings of tradisies onder Gereformeerdes bestaan.

In hierdie artikel word primêr nagegaan in hoe 'n mate gereformeerdheid onder Gereformeerde vroue aantoonbaar is, spesifiek in die raamwerk van die vrouelidmaat se innerlike en uiterlike aktiwiteite tydens die erediens. Die vraag of dit moontlik is om in hierdie opsig regstellings aan te bring, kom ook sekondêr aan die orde.

Vier sake van belang is deur die ondersoek belig:

- die mate van *innerlike gereformeerde aktiwiteit* en die mate van *ontmoeting* wat tussen die vrou en God plaasvind tydens die erediens;
- die mate van *uiterlike aktiwiteit* van die vrou tydens die erediens;
- die mate van *toerusting* wat die vrou ontvang en die *indiensstel* van die gelowige vrou;
- voorstelle vir die *uitbreiding van aktiwiteite* tydens die erediens.

Bylae A bevat 'n opsomming van aspekte van die innerlike belewing van Gereformeerde belydende vrouelidmate tydens die verskillende liturgiese

handelinge, soos deur 'n vraelys bepaal. Bylae B bevat die vraelys wat in die ondersoek gebruik is, en gee ook 'n opsomming van die respondente se respons op elke vraag.

## 1.2 Metode van ondersoek

Kerkrade van Gereformeerde Kerke in Pretoria is deur middel van e-posbriewe of fakse in kennis gestel van die navorsingsprojek. Agt name is willekeurig deur die betrokke gemeente se kontakpersoon verskaf, waarna die navorser persoonlik slegs met vier persone in verbinding getree het en afsprake gemaak het. Besoek is gebring en 'n gedetailleerde vraelys is individueel deur elke vrou, in die navorser se teenwoordigheid, ingevul. Elke vrou se stem is daarna op band opgeneem om haar teenwoordigheid te bevestig.

Twintig gemeentes is besoek en 71 vroue het die vraelys voltooi. Vier vroue uit elke Afrikaanssprekende gemeente was betrokke, asook een vrou elk uit ander kultuurgroepe (kleurling-, Franse, swart en Engelse gemeente). Vier ouderdomsgroepe is in die ondersoek betrek: 20-30 jaar, 30-40 jaar, 40-50 jaar en 50-60 jaar.

Vier maatstawwe is aangewend om 'n goedverspreide en verteenwoordigende beeld van die huidige belydende GKSA-vrouelidmaat in Pretoria en omliggende gebiede te kry.

- Die grootte van gemeentes is in ag geneem. Drie van die grootste gemeentes uit die vier klassisse in Pretoria, asook drie van die kleinste gemeentes uit die vier klassisse in Pretoria is besoek.
- Die demografiese verspreiding is as maatstaf geneem. 'n Stedelike gemeente, 'n voorstedelike gemeente waar landbouhoewes nie meer voorkom nie, 'n voorstedelike gemeente waar landbouhoewes wel voorkom, asook 'n plattelandse gemeente binne die Pretoria-klassisse, is besoek. Vier gemeentes wat demografies in omliggende gebiede aan dieselfde voorskrifte voldoen, maar nie deel is van die Pretoria-klassisse nie, is besoek.
- Kulturele verskeidenheid binne Gereformeerde kringe is as derde maatstaf geneem. 'n Kleurlinggemeente waar Afrikaans gepraat word, 'n swart gemeente waar Engels, Sotho en Zoeloe gepraat word, 'n Engelse gemeente, asook 'n Franssprekende gemeente is betrek in die ondersoek.
- Die vierde maatstaf was om, al is dit nie in beduidende getalle nie, die gereformeerde susterskerke – 'n Nederduitsch Hervormde en Nederduits Gereformeerde gemeente – in Pretoria deel van die ondersoek te maak.

# 2. Vertrekpunte oor erediens en erediensdeelname

## 2.1 Om aan 'n erediens deel te neem

'n Erediens is 'n geestelike tweerigtinggesprek met die doel om kerkgangers 'n intieme persoonlike verhouding met God te laat beleef (Van der Walt, 1982; Spoelstra, 1994:557-579; De Klerk, 1999:311-330). Liturgie dui op die werksaktiwiteit wat die volk van God tydens 'n samekoms verrig. Hierdie aktiwiteit vind plaas deur praktiese vorme en ordereëlings en geskied altyd *in Christus* tot versoening met God. Die volk wat hierdie werk verrig, is as liggaam van Christus 'n organiese eenheid *in Christus*, die hoof. Die liturg *bedien* slegs die Woord, maar is nooit self aan die woord nie. Die liturg is slegs die vriend van die bruidegom (Joh. 3:29, 30) wat namens God én namens die gemeente optree. Die aktiwiteit van die liggaam (wat mans en vroue insluit), lê in die meedoen aan dit waarin die liturg die leiding neem (Spoelstra, 1994:564). Christus self word nie deur enige ampte verteenwoordig nie, maar sy gawes word deur die ampte *bedien* (Ef. 4:12, 15, 16). In die liturgie lê die bevrydingswerk van God waarin mens met "huid en haar" betrokke is (De Boer *et al*., 1991:7) – betrokkenheid wat die liggaam, siel, verstand en gees aktief betrek.

Betrokkenheid in die erediens is nie beperk tot die amp van diaken, ouderling en predikant nie (Ef. 4:12-16). Vorster (1997:276) haal Trimp aan wat "diens" bo "amp" stel, omdat die aktiwiteit in beginsel afgelei is van die diens van Christus. Deur diens word die gevaar van dominokrasie, klerikalisme en ook gemeentelike onbetrokkenheid verminder. Die "werkende volk" (Spoelstra, 1994:573) word op dié wyse in gelid gekry met die hele liggaam van Christus.

Die Gereformeerde gelowige van 2002 se betrokkenheid in die tradisionele liturgie is beperk tot die rol van toeskouer. Volgens Vorster (1996:474), wat ook die sienings van Louw en Versteeg betrek, is die *representasie* van die Ou Testament in die Nuwe Testament vervang deur *partisipasie*. Die Gereformeerde erediensvorm as sodanig kan getipeer word as 'n "instituutmodel" waarbinne verabsolutering van die besondere dienste (ampte) plaasvind (Vorster, 1996:480). Die volle aktiwiteit van álle lede geskied egter nie in 'n erediens wat sodanige vorm aanneem nie.

Die kerk is wêreldwyd deur die afgelope twee eeue genoop om by veranderende leefwyses aan te pas. Nooit kan gesê word dat daar klaar gedink is oor God se kerk nie. Binne die vorige eeu alleen het drie paradigmaverskuiwings in Suid-Afrika plaasgevind. Die eis van die hedendaagse man en vrou dring die GKSA weereens tot selfondersoek

oor Skrifgetroue navolging tydens die erediens. Die Skriftuurlikheid van byvoorbeeld rigiede, hiërargiese, demokratiese, burokratiese, sakramentele of spirituele aspekte van die aard van die tradisionele erediens en ampte moet moedig en eerlik ondersoek word.

Die liturg se voortdurende taak is om die gemeente – man en vrou – altyd reformerend *in Christus op te bou* en toe te rus in die geloof en die praktiese uitlewing daarvan in diens van die liggaam (Ef. 4:12). Dié Skrifbeginsel staan dikwels in kontras met tradisionele liturge wat die altyd reformerende taak tersyde stel en optree asof hulle 'n groep gearriveerdes begelei om voorskrifte onkrities en blindelings na te volg.

## 2.2 Innerlike aktiwiteit van die Gereformeerde belydende vrouelidmaat

Bylae A bevat 'n opsomming van die innerlike belewing van Gereformeerde belydende vrouelidmate tydens die verskillende liturgiese handelinge, soos deur die vraelys bepaal. Dit blyk dat die innerlike aktiwiteit van die vrouelidmaat sterk sentreer in die gereformeerde leer. Die erediens word as 'n ontmoeting met God ervaar. Tog word dié innerlike aktiwiteit as gevolg van 'n aantal faktore gekniehalter.

Redes wat aangegee is vir gebrekkige innerlike aktiwiteit is swak gemeentesang en 'n gebrek aan die uitbreiding van gevestigde kerklike liedere, klein gemeentes, bedieningsnood in sommige klein gemeentes en 'n gebrek aan konsentrasie weens die prediker se styl, argaïese taal en dogmatiese prediking. Die wyse van deelname aan stereotiepe rites waaronder veral gebede, geloofsbelydenis, die Wet, Skriflesing, kollekte en die Nagmaal, dra verder by tot gebrekkige innerlike aktiwiteit, asook bedenkings wat bestaan oor die prediker se vermoëns en die toepaslikheid van preekstof. Daar is ook bedenkings oor beloftes wat afgelê word tydens doopplegtighede, belydenisaflegging en tydens die bevestiging van ampsdraers. Kriewelrige kinders, asook selektiewe betrokkenheid en bewuste onbetrokkenheid by sommige vrouelidmate dra verder by tot swak innerlike aktiwiteit.

## 2.3 Uiterlike aktiwiteit van die Gereformeerde belydende vrouelidmaat in 2002

Die uiterlike aktiwiteit van vrouelidmate tydens die erediens val uiteen in drie hoofdele, naamlik *aktiewe en passiewe* deelname, *wisselende* uiterlike deelname en g*een* deelname nie.

Vroue se *aktiewe deelname* tydens die erediens vind plaas deur samesang, deur die gee van geld vir die kollekte en in die aangee van die

kollektesakkie. Uiterlike aktiwiteit vind ook plaas tydens die sakramentsbediening deurdat opgestaan word en na die liturgiese ruimte toe beweeg word en tydens Nagmaal aangesit en die brood en wyn aangegee word. *Passiewe deelname* (innerlike aktiwiteit) geskied tydens die votum, gebede, geloofsbelydenis, Wet, Skriflesing, preek en seëngroet wat tradisioneel deur die liturg gelei word.

*Wisselende uiterlike deelname* kom in mindere en meerdere mate voor in die sang as deel van die votum, die berymde wet, reaksielied en ook deur gebruik te maak van voorsangers en koorsang. Die hardop opsê van ’n Skrifgedeelte as votum, van die Wet en geloofsbelydenis kom voor asook die gereedmaak van die Nagmaaltafel.

Vroue het aangedui dat hulle *geen deelname* het aan die volgende elemente van die erediens nie: die votum, gebede, geloofsbelydenis, Wet, Skriflesing, reaksielied en die bediening van die sakramente. Nêrens word van soliste gebruik gemaak nie. Geen deelname aan die opneem van die kollektes of aan die sakramentrituele vind plaas nie.

Bylae B bevat die vraelys wat in die ondersoek gebruik is, en gee ook ’n opsomming van die respondente se reaksie op elke vraag.

Die vrou as deel van die werkende volk van God is in die uiterlike aktiwiteite nie met “huid en haar” betrokke nie. Die tradisionele erediens en ampte laat die vrou – én baie mans – as toeskouers. Die afwesigheid van volle aktiwiteit en betrokkenheid van alle gemeentelede bevestig die Gereformeerde erediens as tradisionele instituutmodel met die liturg as uitvoerder van eredienswerk.

## 3. Standpunte van Gereformeerde vroue oor toerusting tot werk

Van die 71 vroue het 48 (68%) aangedui dat ’n uitbreiding van aktiwiteite behoort plaas te vind. Die-en-twintig vrouelidmate (32%) het aangedui dat uitbreiding nie moet plaasvind nie. Een persoon het in albei gevalle ’n stem uitgebring, dus ’n nee-maar-ja-houding. Die susterskerke wat reeds geleentheid het tot alle aktiwiteite, het oorweldigend aangedui dat uitbreiding nie nodig is nie. Die vroue uit die GKSA wat tevrede is met die *status quo*, verteenwoordig in der waarheid 24% (17 uit ’n moontlike 71).

Gereformeerde vroue is dit eens dat *algemene prediking vir Christene* konsekwent plaasvind, maar dat daar terselfdertyd konstant ’n *maar*-element in hul gemoedere teenwoordig is. Ter stawing van dié tweepolige gedagtestroom die volgende:

- Alhoewel die Woord gepreek word en alhoewel diakonesse eksplisiet in die Bybel ter sprake is, is diakonesse in tradisionele Gereformeerde gemeentes en eredienste afwesig.
- Hoewel die Woord getrou gepreek word, bly "onderdanigheid" as Bybelse begrip 'n vaagheid.
- Min word direk oor die plek van die herstelde vrou *in Christus* gepreek.

Optimale toerusting word belemmer deurdat die prediker ou segswyses en woorde, wat vandag slegs as kerktaal te tipeer is, bly gebruik. Daar bestaan groot dankbaarheid en waardering onder Gereformeerde belydende vroue vir die feit dat daar na die vrou se werk in die kerk gekyk word. Die versugting is uitgespreek dat die Gereformeerde prediking reformerend tot die volheid van Woordbediening moet ontwikkel.

Die Gereformeerde vrou is dankbaar vir die Sondag-erediens, maar daar is 'n soeke na meer. Eredienste is nie genoeg nie. 'n Soeke na verdere toerusting ten opsigte van sieke- en bejaardebesoek en tienerbegeleiding bestaan. Vroue verlang uitreikprojekte, kursusse en byeenkomste met spesifieke opleiding as doel. Die resultate van die ondersoek het getoon dat die vrou bewus is dat haar gawes 'n onontginde terrein in die kerk is: die gawe van vrouwees het meer om te bied en om te ontwikkel tot voordeel van die gemeente as waaraan tradisionele Gereformeerde gemeentes gewoond is. Die vrou besef sy word afgeskeep en dat sy in 'n vakuum van nóg vis, nóg vlees verkeer.

Die *persepsie* bestaan dat die erediens vroue voldoende toerus. Hierdie persepsie dat vroue tevrede is met die huidige omstandighede rondom die bediening is egter deur die ondersoek as ongeldig bewys en word bevestig deur die konstante voorkoms van die *maar*-element in respondente se antwoord. Daar is byvoorbeeld genoem dat die prediking veronderstel is om toe te rus, maar dat toerusting terselfdertyd 'n geleentheid vir terugploeg in die kerk impliseer. Tradisioneel kan vroue net buite die erediens by die sogenaamde sustersaksie of by die hou van katkisasie betrokke wees. Die ironie dat kategese-onderrig deel is van die geroepe predikant se opdrag, word deur die tradisionele denke oor die hoof gesien. Hierdie uitgangspunt en praktyk bevestig die miskenning van die vrou se gawes en die moontlikheid tot diensbaarheid daarvan ook binne die erediens.

Die *maar*-element kom ook na vore by *rolverandering*. Die moderne vrou se rol en samelewingsverpligtings het totaal verander. In die kerk is dit egter nog feitlik presies dieselfde as 'n eeu gelede. Sommige Gereformeerde kerkrade het wel pogings aangewend om die vrou te probeer

betrek, maar ’n ooglopende onsekerheid kom voor. Samewerking met die diakens word wel gevra, maar op voorwaarde dat die diakens dit beplan of voorstel. Dié optrede bevestig die tradisionele siening dat die vrou as hoorder en gehoorsame uitvoerder van opdragte beskou word, maar nie as deel van die besluitnemers in die besluitnemingsproses gereken word nie. Tog blyk dit duidelik dat Gereformeerde vroue geen strewe het om in die kerk oor mans te regeer nie. Die vrou wil egter die geleentheid kry om *in Christus* as priester, profeet en koning saam met die man onder hulle hoof, Christus, met die gawes te werk waarmee God haar geseën het.

In klein gemeentes kom bedienings- en ampsnood telkens voor. Ook hier kom die *maar*-element voor: die uitgangspunt van vroue in hierdie gemeentes is dat dit onnodig is dat ’n gemeente ten gronde gaan weens ’n onbetrokke kerkraad waar 1 Timoteus 3 nie sigbaar is nie. In baie van hierdie gemeentes is dit vroue, sonder die tradisionele ondersteuning of tradisionele leiding van ’n man, wat sorg dat die gemeente bly voortbestaan. Dié volharding sluit hospitaalbesoek, siekebesoek en die betoon van meelewing in. Hierdie praktyk laat blyk dat “kerkwerk” net so goed deur vroue gedoen word.

Klein gemeentes het eiesoortige behoeftes. Dis ’n gegewe dat alle beskikbare gemeentelede – mans én vroue – tot aksie moet oorgaan tot behoud van die gemeente. Daarby neem elkeen die werk en verantwoordelikheid op hom- of haarself om toegerus te word en om geestelik nie agter te raak nie.

In die NG en NH Kerke is dit anders gesteld. Daar is talle geleenthede waar vroue kan werk. Hulle moet hulle maar net bereid verklaar en beskikbaar stel.

Die tendense in die antwoorde van die respondente laat dit duidelik blyk dat die Gereformeerde vrou tradisioneel stil-vergenoeg-dankbaar (onderdanig?) is vir die toerusting wat sy tydens die erediens kry. Die tradisionele erediens en die passiwiteit wat die vrou daartydens ervaar, asook om tradisioneel min betrokke te wees by aktiwiteite buite die erediens as voortsetting van die prediking, versterk egter die onderdrukte behoefte by vroue om *in Christus* as gelykes erken te word en deel te wees van die “werkende volk” (Spoelstra, 1994:573) van God. Die liggaam van Christus (1 Kor. 12:12-31) gaan mank aan volle werksaamheid, weens ’n blindelingse getrouheid aan die tradisionele standpunt oor die beperkings wat vir vrouelidmate geld. Selfverloëning en die bereidheid tot die regstel van die “duimbreedte-afwyking” van die wesenlike van die Woord is broodnodig ten einde die konstante *maar*-element uit die weg te ruim.

# 4. Voorstelle vir die uitbreiding van aktiwiteite tydens die erediens

## 4.1 Voorstelle vir 'n verandering van die *status quo*

Hierbo (vgl. punt 3) is reeds gestel dat slegs 17% van die GKSA-vrouelidmate wat by die ondersoek betrek is tevrede is met die *status quo*. Hier volg nou 'n samevatting van die respondente se voorstelle vir verandering.

- Eerstens is voorgestel dat deelname aan *besluitneming, beplanning en die uitvoer daarvan ook vrouelidmate moet insluit.* Sodoende kan die hele liggaam van Christus tot diens gebring word. Vroue en mans, ouderlinge en diakens en die predikant kan toerusting vir gemeentewerk saam bespreek of 'n "gemeentesinode" reël waar gemeentelede gesprek kan voer en voorstelle kan maak. Deur gesamentlike gebed word leiding afgesmeek en veranderinge word gelowig deurgevoer.
- Tweedens is spesifieke voorstelle vir die *daarstel van geleenthede* gemaak: voorbereiding van die erediens, verwelkoming van kerkgangers by die deure, die lees van afkondigings, voorlesings en gebede tydens die erediens, groter betrokkenheid tydens samesang, byvoorbeeld deur koorsang, solosang, of as voorsanger, 'n instrumentale solo of om 'n sanggroep deel te laat wees van die erediens, die kans om te help tydens kollekte en tydens Nagmaal en om tot opbou van die gemeente te getuig.
- Derdens is voorgestel dat vroue as *diakonesse verkies word.* In dié diens tree die vrou op as helper en bevorder meelewing. Baie vroue is bewus van hul gawe van fyn aanvoeling en van spontane uitreik. Die aanwend van hierdie gawes kan positief bydra tot die bediening, veral die bediening aan vroue. In klein gemeentes is vroue se aktiwiteit as diakonesse eintlik onontbeerlik.
- Vierdens is genoem dat vroue as *ouderlinge verkies behoort te word.* 'n Tekort aan ampsdraers kom veral in klein gemeentes voor en praktiese probleme byvoorbeeld die bediening van enkellopende vroue kan deur vroue-ouderlinge oorkom word.
- Vyfdens is voorgestel dat daar geleentheid moet wees vir vroue wat die roeping en gawes het om as *prediker* te dien**.** Dit is duidelik gestel dat geen kerklike hindernisse bloot op grond van geslag in die weg van gehoorsaamheid aan die roeping mag staan nie – die oes is groot en die arbeiders min (Matt. 9:37).

## 4.2 Redes vir voorstelle tot verandering van die *status quo*

Die belangrikste rede waarom vroue voel dat uitbreiding van aktiwiteite tydens die erediens moet plaasvind, is omdat die vrou haar op die Bybel beroep dat sy volwaardige lid van die gemeente is. Sy skat haar van meer waarde as wat die tradisionele siening toelaat. Die uitgangspunt dat vroue nie aktief tydens die erediens mag optree nie, is onskriftuurlik. Die vrou besef dat koninkrykswerk gedoen moet word: die Woord moet verkondig word en vroue hoef nie agter vrouwees weg te kruip nie. Die vryheid tot aktiwiteit moet derhalwe in die kerk sigbaar wees. Gevolglik doen dié vroue 'n beroep op medegereformeerdes om verandering teweeg te bring deur 'n gesindheid van selfverloëning en bekering.

Klein gemeentes voer aan dat 'n uitbreiding van aktiwiteite moet geskied, aangesien die gemeentes swaar op vrouebetrokkenheid rus weens die klein getalle en die afwesigheid van bereidwillige mans. In klein gemeentes word tipiese ouderlings- en diakenswerk reeds deur vroue gedoen, al staan hulle nie in die amp van diaken of ouderling nie. 'n Verdere rede vir uitbreiding is dat betrokkenheid 'n persoonlike saak volgens elkeen se gawes is. Vir diegene wat dit wil uitleef, mag geslagtelikheid in die kerk nie 'n struikelblok wees nie.

'n Bewuswording van die tekorte in die kerk is ook as rede aangevoer. Die vraelyste het die besef laat posvat dat die vrou se grootste aktiwiteit tydens die erediens innerlike meelewing is. Dié besef het tot gevolg dat die man óók moet deel in die uitbreiding van aktiwiteite sodat alle gemeentelede uit die rol van toeskouer kan tree en tot deelname kan oorgaan.

## 4.3 Redes vir die handhawing van die *status quo*

'n Aantal van die 17% vroue wat graag die *status quo* gehandhaaf wil sien, het redes aangevoer waarom aktiwiteite nie uitgebrei behoort te word nie. Die hoofredes is die afkeer van veranderinge, die persepsies dat die man tradisioneel die aktiewe lidmaat is, dat bedenkinge oor die moontlikhede vir vroue in die kerk bestaan en dat aan 'n onversetlike en bewuste nastreef van 'n "ek is konserwatief"-standpunt vasgehou word. Konserwatisme volgens hierdie standpunt impliseer dat mans die werk in die kerk moet doen en dat die vroue "onderdanig" moet wees. Ook is aangevoer dat daar waarskynlik 'n groot persentasie mans is wat die vrou nie in die kerk in 'n veranderde rol wil sien nie, met die gevolg dat daar waarskynlik ook 'n baie klein persentasie vrouens is wat betrokke sou, kon of wou wees. 'n Verdere rede wat genoem is, is dat die susters-aksie in gemeentes as aktiwiteit buite die erediens genoegsame

vervulling bied en dat stille betrokkenheid en tevredenheid met die aktiwiteite van die tradisionele kerk voldoende deelname is.

### 4.4 Samevattend

Dit is duidelik dat die tradisionele rol van die vrou binne vrouegeledere ernstig, dog beheerst, opgeweeg word teen die Skriftuurlike *in Christus*-rol van die vrou. Die vryheid *in Christus* skep in die gees van die gelowige vrou 'n behoefte aan die geleentheid tot aktiwiteit. 'n Beheerste stem om verandering is duidelik hoorbaar komende van geroepe, bekwame, lojale, nie-pas-bekeerde (gekatkiseerde) Gereformeerde vroue – 'n stem om die "duimbreedte-afwyking" van die Skrif reg te stel.

## 5. Algemene gedagtes rondom en vrae oor die aktiwiteit van die vrou in die erediens

Vervolgens 'n samevatting van vrae wat algemeen deur vroue gevra is. Hierdie vrae bevestig die gedagterigting van baie vroue.

### 5.1 Vrae waar die vrou self ter sprake is

- Paulus se opgelegde swyggebod hou die Gereformeerde vrou van 2002 steeds stil. Sou die swyggebod wat 2000 jaar gelede aan pasbekeerde, getroude vroue gegee is, vandag as verskoning gebruik kan word om min of niks vir die bediening te doen nie?
- Hoekom gaan vroue nie oor tot aksie nie (Matt. 7:24)?
- Wil die vrou van vandag Jesus werklik in toewyding volg (Joh. 17:18), of is dié Skrifgedeeltes net van toepassing op mans?
- Verberg die vrou se neutraliteit 'n toegewydheid aan die *status quo*?
- Hoekom ken vroue nie die implikasies van vryheid *in Christus* nie?
- Blokkeer toegewydheid aan tradisionele rituele die vryheidsbelewing *in Christus*?
- Is Christenvroue bereid om beperk te word ten opsigte van die evangelie en kerkwees, terwyl vroue in die samelewing geëer word en onbeperk 'n groot en goeie invloed uitoefen?
- Hoekom gehoorsaam vroue die swyggebod wat binne konteks nie eksplisiet sê wat bedoel word nie, terwyl 'n kristalhelder sending-opdrag van Jesus nie gehoorsaam word nie?
- Hoe vergelyk gelowige vroue se dankbaarheid met die Samaritaanse vrou wat deur getuienis haar dorp geëvangeliseer het (Joh. 4:39)?

## 5.2 Vaaghede wat vrae laat ontstaan

Vaaghede oor Bybelgedeeltes laat vrae ontstaan: die tradisionele siening van moederskap as hoogste en enigste lewensdoel vir ’n vrou is vandag net nie meer aanvaarbaar nie. Skrifgedeeltes wat dié saak betrek (soos 1 Tim. 2:15), kan as werksheiliging verstaan word. Indien moederskap ’n voorwaarde is om kind van God te wees, kan kinderlose vroue (ongetroude vroue en weduwees sonder kinders) nie onder die uitverkorenes tel nie. Skrifhantering in die geval van hierdie tekste vra om herondersoek te word, sodat die “duimbreedte-afwyking” reggestel kan word.

Verdere vaaghede bestaan oor die gelowige vrou en die verskeidenheid gawes wat sy besit. Die vraag wat na aanleiding hiervan ontstaan, is of die kerk die vrou motiveer om te besef én uit te leef dat sy gelyktydig betrokke kan wees in meer as een rol, byvoorbeeld versorger van die huis, hulp vir haar man, opvoeder van haar kinders. Ook word gevra of die vrou gemotiveer word deur buitenshuis aktief te wees deur *in Christus* te bemoedig, te vermaan en te getuig. Ook vroue moet kan deel hê aan die bediening, gebede, profesie en getuienis.

As gevolg van tradisionalisme word die vrou vandag, na 2000 jaar, steeds benader as ’n pasbekeerde, ongedissiplineerde, oningeligte persoon. Teen dié vooroordeel worstel vroue met gewetensvrae. Wat word van dié vrou in die GKSA wat geroepe en daarom gedronge is om te getuig? Is daar werklik in wese ’n verskil tussen getuig, leer en preek? Wanneer word getuig ’n leeraksie, of wanneer verander die leeraksie in ’n preek? Torrance (1960:217) stel Calvyn se uitgangspunt: “… if at some time women held the office of prophets and teachers and were led to do so by God’s spirit, He who is above all law might do this …”.

’n Gebrek aan kennis van kultuurhistoriese gegewens in die Bybelse tyd is ’n verdere punt wat die vrou – en die man – kortwiek in die toepassing van Bybelse voorskrifte in die huidige tyd. Voorskrifte oor hoede, kleredrag, afgodsvleis en die besnydenis word jare reeds deur Gereformeerdes as kultuurgebonde beskou, maar oor die beperkings wat op die vrou gelê word, word steeds anders gedink. Die vrou se herstelde posisie *in Christus* word in praktyk nie erken nie. Is dit omdat die man se hoofskap *in Christus* sekere bekeringseise stel en die tradisionele man nie bereid of gewillig is om waarlik *in Christus* te bekeer nie? Moet die vrou volgens die tradisionele begrip van onderdanigheid meer gehoorsaam wees aan tradisies waarin die man veilig voel, of moet sy Jesus Christus onvoorwaardelik gehoorsaam?

Wat hierdie situasie des te meer onverstaanbaar maak, is dat onbewysbaarhede van die Godsplan soos die opgestane Jesus, blindelings geglo word. Waarom is dit dan dat so baie struikel oor die relatief maklik

bewysbare kultuurhistoriese omgewing van die vroeë Christendom waarbinne die Godsplan afspeel?

Vaagheid oor die interpretasie van “onderdanigheid” aan die man is skynbaar steeds ’n baie ernstige punt van die “duimbreedte-afwyking”. Vaagheid bestaan of alle vroue aan alle mans onderdanig moet wees en of onderdanigheid impliseer dat alle gelowige vroue in die kerk aan alle mans in die kerk gehoorsaam moet wees. Volgens die Skrif is man en vrou gelyke skepsels wat albei deur Christus herskep word om in eerbied en respek (onderdanigheid) teenoor mekaar te lewe soos aan Christus (Ef. 5:21). Die vraag ontstaan of die tradisionele man die wesenlike van die Skrif verkeerd verstaan. Sien die man homself in die posisie van Jesus Christus as hoof van die kerk? Indien die orde-instelling tussen man en vrou in die huwelik summier in die kerk toegepas word, word weduwees en ongetroude vroue uit die gemeente uitgesluit. Die Ou-Testamentiese bedeling word nie in die Nuwe-Testamentiese bedeling voortgesit nie, aangesien dié tydperk *in Christus* beëindig is. Lidmate (man én vrou) is immers die tempel waarin die Gees heers (1 Kor. 3:16, 17; 6:19). Man én vrou leef as priesters, profete en konings in die liggaam (kerk) onder hulle hoof, Christus (Ef. 1:22, 23; Ef. 4:4, 15). Die interpretasie van “onderdanigheid” is kennelik ’n “duimbreedte-afwyking” wat ernstig vra om bekering en reformasie.

Die uitspraak “Die oes is groot en die arbeiders min” (Matt. 9:37) wakker innerlike stryd by vroue aan. Daar word gevra hoe lank die vrou se plek haar nog ontneem gaan word, haar Bybelse vryheid haar nog ontsê gaan word en haar wese nog geminag gaan word? Moet die vrou dié Bybelse oproep nog langer ignoreer? Dié deel, soos baie ander dele in die Bybel, is bedoel om ook deur vroue gehoor, gelees en verstaan te word. Die meeste Christenvroue besef hulle kan nie langer stilbly nie, veral as in ag geneem word dat soveel vroue in die Bybel reeds boodskappers was. Die vraag ontstaan of Satan die tradisionele kerk gebruik as ’n set om die evangelie op hierdie wyse teë te staan? Onsekerheid bestaan ook oor die man – as eerste verantwoordelike persoon binne die twee-eenheid van die huwelik – se bewustheid en verantwoordelikheidsbesef oor sy vrou se Christelike aktiwiteit of moontlike minderwaardigheid en onbetrokkenheid.

Baie vroue ervaar dat hulle dekades lank al geflous word met onskriftuurlike interpretasies, vertalings en onskriftuurlike tradisionele denke en praktyke. Dit is egter duidelik dat die Gereformeerde vrou *in Christus* nie harde feministe of moeilikheidmakers is nie – vandaar moontlik die jarelange verdraagsaamheid. Die vrou *in Christus* sal mettertyd haar stem op grond van die Skrif duideliker laat hoor sodat dié tradisionele “duimbreedte-afwyking” van die Skrif, waardeur sy onregverdig ingeperk

word deur die tradisionele liggaam van Christus (kerk), deur verandering reggestel kan word.

“Women’s condition can only be truly understood … when the church itself examines all levels of its traditional complexity, beginning with the timeless models inherited in its scriptures” (Dowell & Hurcombe, 1981: 19.) Die verwagting bestaan gewis onder vroue dat teoloë (waaronder ook vroue) die wesenlike getuienis van die Skrif oor die vrou onbevange, eerlik en *in Christus* sal bestudeer om sodoende die talle vaaghede uit die weg te ruim.

## 5.3 Vrae oor die man se houding teenoor die vrou

Daar is ook standpunte geuiter en vrae gestel oor die man se “vrees” vir die vrou. Volgens die *in Christus*-beginsel is dié “vrees” ongegrond, aangesien die gelowige vrou die kenmerke van die Gees – selfbeheersing, geduld, liefde, vrede, vriendelikheid, goedhartigheid, ensovoorts. (Gal. 5) – vertoon, terwyl die gelowige man ook dié kenmerke vertoon. Gelowige mans en vroue dra nie die teken van oorheersing oor mekaar nie, aangesien hulle aan mekaar wedersydse respek en eerbied (onderdanigheid: Ef. 5:21) betoon. Saam staan hulle in diens van hulle hoof, Jesus Christus. Indien die man “vrees” vir die vrou in hierdie verband ervaar, het kennis van die liefde van Christus nog nie vrug begin dra nie. Die Bybel stel dat liefde die vrees uitdryf – ook die vrees vir die oordeelsdag (1 Joh. 4:18). Selfverloëning en bekering *in Christus* is die eerste stap op die pad van heiligmaking – vir man en vrou – ook indien oorheersing van enige party na vore kom. Skrifgetroue bemagtiging van mans ten opsigte van hul vrees vir moontlike oorheersing deur vroue, is dus nodig.

## 5.4 Vrae oor moontlike geslagtelike beperking van die bevryding in Christus

Herstel volgens die vryheidsbeginsel *in Christus* raak die man sowel as die vrou. Dit is genoem dat die man en vrou as lede van die liggaam, onder hulle hoof, Christus, behoort saam te werk om die terugkeer van die Here te bespoedig. 1 Korintiërs 12:16 sou ook soos volg kon lui: en as die vrou sou sê: “omdat ek nie ’n man is nie, is ek nie deel van die liggaam nie”, hou sy om dié rede eweneens nie op om deel van die liggaam te wees nie. Vaaghede en vrae oor die rol en status van die man én vrou behoort deur diepgaande studie van teoloë en kundiges uit die weg geruim te word deurdat die Skrifkennis aan die liggaam van Christus (waarvan die GKSA deel is) deurgegee word om uit een mond die gemeentes in die waarheid toe te rus.

### 5.5 Vrae oor die huiwering om vals kerklike tradisies as sodanig uit te wys

Laastens kom die vraag na vore waarom die kerk nie soos Calvyn (*Inst*. IV 10:1-5; vgl. Calvyn, 1992) teen vals kerklike tradisies veg nie. Van Wyk (1983:28) voeg daarby dat Calvyn naasteliefde vir die hele menslike geslag sien "sonder uitsondering … [met] geen onderskeid van barbaar of Griek, waardige of onwaardige, vriend of vyand" nie, aangesien hulle *in God* en nie in hulleself beskou moet word nie. Waarom is dit dan dikwels só dat die man wat sy naaste liefhet soos homself, die vrou nie dít gun wat hy homself gun nie?

## 6. Gevolgtrekking

Die Gereformeerde belydende vrouelidmate van 2002 beleef tydens die erediens, ten spyte van 'n aantal stremmende faktore, 'n groot mate van *innerlike aktiwiteit* wat aantoon dat 'n *ontmoeting* met God plaasvind. Die *uiterlike aktiwiteit* van vrouelidmate, asook mans wat nie ouderlinge, diakens of die predikant is nie, se deelname tydens die erediens is egter beperk. Passiewe toeskouers en die aktiewe liturg is tradisioneel kenmerkend van die Gereformeerde erediens. Die aspek van vroue as diensdoenende en deelnemende Nuwe-Testamentiese gelowiges kom glad nie tot sy reg nie. Die resultate van die ondersoek wat gedoen is vir hierdie artikel, weerspieël dat daar in die gemoedere van die meeste vrouelidmate iets anders leef as wat hierdie tradisie "voorskryf".

Stemme wat opgaan dat mense wat juis hierdie leemtes aanvoel, die vervulling daarvan elders (by een van die susterskerke) moet gaan vind, negeer die noodsaak van voortdurende reformasie, en is dus geen aanvaarbare oplossing nie. In hierdie opsig is daar dus 'n afwyking van die Skrif. Korrigering, terug na die wesenlike van die Skrif toe, kan dié "duimbreedte-afwyking" regstel.

Gereformeerde vroue is dankbaar om as hoorders met die Skrif bedien te word. Terselfdertyd bestaan daar egter 'n intense, onderdrukte en dikwels onuitgesproke behoefte om *toegerus* en erken te word as daders van die Woord. Verandering terug na die wesenlike van die Skrif kan dié tekortkoming regstel. Die uitbreiding van geleenthede om deelname (ook deur vroulike lidmate) in die liggaam van Christus moontlik te maak, word deur die vroue aanbeveel om sodoende regstelling *in Christus* te bewerkstellig.

## 7. Slot

God onderhou sy kerk en bewerk sy eer deur alles heen – ook deur Skrif-afwykende tradisies, ongeldige menslike interpretasies van die Skrif, en aardse stelsels heen. Hy luister na gebede en onuitgesproke hartskrete. Deur sy Gees bewerk Hy op sy tyd en op sy wyse bekering in harte. Nooit kan die mens egter ophou om biddend te dink oor die liggaam van Christus en hoe hierdie liggaam verder moet groei tot die volmaakte volwassenheid van Christus (Ef.4:13, 5) nie. Mag die navorsingsesultate van hierdie artikel 'n bydrae lewer om die koers vir dié groei van die liggaam aan te dui, ook as dit bekering mag inhou.

## Bibliografie


CALVYN, J. 1992. Institusie van die Christelike Godsdiens 1559. Vertaal deur prof. dr. H.W. Simpson. Potchefstroom : Calvyn Jubileum Boekefonds.

CARMODY, D.L. 1995. Christian feminist theology – a constructive interpretation. Oxford : Blackwell.

CRAFFERT, P. 2002. Die Nuwe Reformasie – wat, waaroor, waarheen? Referaat gelewer tydens die Jesus-seminaar. RAU, Mei.

DE BOER, E., DIJK, D. HIBMA, T. & JANSEN, M. 1991. Vrouw, Taal en Liturgie. Den Haag : Narratio.

DE KLERK, B.J. 1999. Vaartversnelling vra verdieping van ons liturgie. *In die Skriflig,* 33(3):311-330.

DEPUTATE CJBF. 1998. Ons kerke se lewe weerspieël in ons liturgie. Nie-amptelike dokument. Potchefstroom : Administratiewe Buro van die GKSA.

DOWELL, S. & HURCOMBE, L. 1981. Dispossed daughters of Eve, faith and Feminism. Bradford on Avon : Dotesios.

GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
*kyk* GKSA

GKSA. 1988. Plek van die vrou in die Kerk – Bylae by die Rapport in die aanvullende Agenda van die Nasionale Sinode. Potchefstroom : Herald.

HELBERG, J.L. & VAN ROOY, H.F. 1995. Die gebruik van die Ou Testament in die volkslewe. 'n Ondersoek onder predikante en ander lidmate van die GKSA. *In die Skriflig*, 29(4):663-681.

ODENDAL, F.F. 1985. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg : Perskor.

SPOELSTRA, B. 1994. Liturgie soos in die GKSA beoefen krities bekyk. *In die Skriflig*, 28(4):557-579.

TORRANCE, D.W. & TORRANCE, T.F., *ed*. 1960. Calvin's Commentaries. The first Epistle of Paul the Apostle to the Corinthians. Alva : Cunningham.

UNITED NATIONS. 1996. DEPARTMENT OF PUBLIC INFORMATION: The United Nations and the advancement of women 1945-1996. With an introduction by Boutros Boutros-Ghali, Secretary-General of the United Nations. *(In* The United Nations Blue Books series, 6, revised edision. New York.)

VAN DER WALT, J.J. 1982. Soek die Here in sy tempel. Potchefstroom : Potchefstroom Teologiese Publikasies.

VAN WYK, J.H. 1983. Calvyn oor die Christelike lewe. Pretoria : Kerkboekhandel.

VORSTER, J.M. 1996. Vernuwing in gemeenskapsbelewing binne die GKSA. *In die Skriflig*, 30(4):471-487.

VORSTER, J.M. 1997. Die diens van die Gereformeerde predikant. *In die Skriflig*, 31(3):267-281.

**Kernbegrippe:**

geslagsrolle: tradisionele siening
GKSA: siening van/persesies oor die vrou
*in Christus*-beginsel: Skrifinterpretasie
vrouelidmaat: rol en belewing

**Key concepts:**

female communicant: role and experience
gender roles: traditional view
*in Christ* principle: interpretation of Scripture
RCSA: view/perceptions of female members

## Bylae A

## Opsomming van die innerlike belewing van Gereformeerde belydende vrouelidmate tydens die verskillende liturgiese handelinge

Die getal tussen hakies toon aan hoeveel persone (uit die moontlike aantal van 71) die spesifieke liturgiese belewing op min of meer dieselfde wyse beleef. Die kursiefgedrukte dele toon 'n belewenis wat op minder positiewe wyse beleef is.

### Tydens die votum

Word rustig/kom in die regte stemming (12)
Maak gereed vir die prediking (10)
Word stil voor God/rig op God (10)
'n Gewyde oomblik in God se teenwoordigheid (8)
Voel deel van die aanbiddende gemeente (7)
Intens intieme ontmoeting (6)
Om klein te voel voor die grote God/bewus van eie swakheid (5)
'n Persoonlike belewenis (5)
Ervaar 'n warm vriendelikheid/positief (4)
Opening/groet van die gesprek/seën tussen God en myself (3)
Voel afhanklik/ontvanklik (3)
Inspirerend/versterkend (2)
Gebroke belewenis weens kleuters wat pla/geskarrel voor erediens (2)
Maak my hart oop vir die Heilige Gees
Probeer konsentreer

### Tydens sang

Heerlik/lekker (25)
Loof en prys (22)
Manier om (saam met die gemeente) met die Here te praat (11)
Soort psalm is bepalend (9)
Konsentreer op/identifiseer met woorde (5)
Verryking van my geloof (5)
Bekendheid van melodie is bepalend (4)

Beleef dit emosioneel/roer my/verander my gemoed (4)
Verwoording/belewing van my geloof/deel van my wese (3)
Leef myself uit (3)
Voel na aan die Here/dis hoe Hy met my praat (3)
Beleef die grootheid/soewereiniteit van God (2)
Hoe meer sang, hoe meer vertroue
Groot gemeentes maak dit makliker om saam te sing
*Die terughou van gemeente is stremmend*
*Wens dat gesange en Skrifberymings meer gesing word*

**Tydens gebed**

Om deel te wees van gelowiges wat deur Christus tot God nader en met Hom praat (14)
Om baie naby aan God te wees/kontak met God te hê/stel in op God (13)
Sake word aangespreek – my naaste en myself (12)
In stilte/rustigheid/kalmte voor God (7)
Belewing wissel: ootmoed, dank, sondebesef, vreugde, blydskap (7)
Intense ervaring/oopmaak van my gemoed (6)
Luister wat die dominee sê en dat dit reg is/konsentreer (6)
Dank teenoor God (5)
*Gedagtes verdwaal tussen al die begrippe* (5)
Versterkend (4)
Bewus dat wat gebid word, deur my toegepas moet word (4)
Besef dis ’n besondere voorreg/dis goed (2)
*Frustrasie/kriewelrig: predikant bid nie kragtig nie/langdradig* (2)
*Soms mis die gebed sy doel* (2)
Deel van voortdurende opleiding in die gebed
*Die groot woorde verwar, want jongmense verstaan dit nie*
*Kleuters trek aandag af*
*Krities*

**Geloofsbelydenis**

Voorreg/dis goed en ’n bevestiging van wat ek saam met medegelowiges glo (19)
Herhaal elke woord/herinnering (14)
Versterkend (10)
Erkenning van wie en wat God is (6)
Persoonlike ervaring van ondersoek/offer (5)
*Wens ons kan dit meer hardop opsê/sing want dat konsentreer ’n mens meer* (5)
Soos ’n belofte teenoor God wat herhaal word (4)
*Die ritueel gaan soms by mens verby* (4)
Ek leef mee/visualiseer dat dit nie net ’n ritueel bly nie (3)
Berei jou voor vir die diens
*Dominee kan die rympie met meer gevoel lees*
*Voel ongemaklik as hardop opgesê word*
*Onaktief weens afwesigheid van geloofbelydenis tydens die erediens*

**Wet**

Sondebesef/nietigheid (23)
Bewus van God se eise/riglyn ten opsigte van Christenskap/selfondersoek (12)
Bewus van skuldbelydenis en vergifnis/bevryding.genade (11)
Afhanklikheid en dankbaarheid teenoor God vir Christus (9)

Spreek my gewete aan dat ek reg kan besluit/vernuwe (7)
*Stereotiep sodat gedagtes dwaal* (5)
Hou van Nuwe-Testamentiese wet en variasies/uitbreiding (4)
Luister (4)
Konsentreer beter deur die woorde saam te herhaal/stil gebed (3)
Bewus dat weer oortree/afgedwaal gaan word (3)
Voel versterk/dis goed (2)
*Verkies om selektief te luister* (2)
Besef wet is nie moeilik nie
Onaktief omdat die wet nie tydens die erediens voorgelees word nie

**Skriflesing**

Luister na wat God beveel/met my praat/iets nuut sê (21)
Raak betrokke/konsentreer (14)
Lees net stilswyend saam met die gemeente (11)
Berei 'n mens voor vir die preek/agtergrond vir die preek (6)
'n Tuiskom in die Woord/rustige gewyde belewing/voel naby die Here (3)
Pas dit wat ek hoor toe op vandag (3)
'n Hoogtepunt/wonderlik/voel naby God (3)
Wisselende ervaring – vertroos soms en soms verstaan 'n mens nie (3)
*Dis bloot 'n ritueel, aandag dwaal, intellektueel te stadig/langdradig* (3)
*Beleef nie juis iets nie* (2)
'n Skrifgedeelte wat tuis weer gelees word
*Ou Testament interesseer nie soos Nuwe Testament nie*
*Onderbroke weens kleuters*

**Preek**

Ervaar hoe Heilige Gees die Woord oopmaak/verduidelik/versterk/voed (18)
Gee aandag/soek pitkos vir die week (16)
Probeer boodskap toepas/lewe verander (12)
Dankbaar om Woord te kan hoor (6)
Kritiese tweegesprek tussen my en God/spieël (4)
Verwondering oor dit wat predikant uit gedeelte haal/verduidelik/vereenvoudig (3)
Geniet om in God se teenwoordigheid te wees/dis God wat praat (3)
Wisselende belewing na aanleiding van inhoud (3)
Afneem van notas/neerskryf van vrae (3)
Ervaar 'n persoonlike ontmoeting met die Here (3)
*Soek meer pitkos vir die week* (3)
*Wisselende belewing veral as predikant my nie aanspreek nie* (2)
Wil Woord hoor, maak nie saak of dit van 'n man of 'n vrou kom nie
Die wete dat dit die waarheid is
Wisselende belewing as preek bloot 'n voorlesing is
*Wisselende belewenis as taal nie verstaanbaar genoeg is nie*
*Wisselende belewing as 'n probleem op ander gebied in my lewe ervaar word.*
*Wisselende belewing as gevolg van babas/kinders*
*Krities oor die dogma*
*Gedagtes dwaal maklik*

**Slotgebed**

Dankbaar vir God se liefde en teenwoordigheid/pitkos/dat ek daar kon wees (24)
Sluit die gewyde tyd gepas af/'n amen (13)

Voorreg van saambid in my gedagtes (9)
’n Wete/gebed/offer dat ek kan aangaan (8)
Probeer die preek se toepassings my eie maak (6)
’n Stilword/myself bymekaar bring (6)
Voel versterk/verryk (4)
Bevestig in die gebed dat wat gebeur het, die waarheid is (2)
Sondebesef/ootmoed (2)
“Op God se skoot klim”
Bid om ons te behoed en te bewaar
Dat ek God gehoorsaam het tydens die erediens
*Ervaar nie juis iets nie*
*Ek word haastig*
*Sukkel om te konsentreer*

**Kollekte**

Ek mag van God se seën oor my uitdeel vir ander/dankbaar en gewillig uitdeel vir koninkryk (23)
*Nie juis iets nie* (13)
Dink aan dié wat geld nodig het/pas bydrae daarby aan (9)
Besig met my eie gedagtes/oordink preek (4)
Om te offer al is dit min (4)
Luister na orrel (3), gewyde CD
Voel rustig (3)
*Beleef ’n onrustigheid/geïrriteerd deur klein kindertjies* (3)
Dankbaar vir wat ek het (2)
Dankbaar dat kinders stilgesit het/berei kleuters voor vir kollekte (2)
Wonder of dit genoeg is vir die nood (2)
Ontspantyd (2)
*Voel skuldig omdat ek meer kan gee/wonder oor geldigheid van my verskonings* (2)
God gee altyd in liefde aan ons terug
Lees die blaadjie
Voel die erediens is verby
Voel soms dat my lofprysing tydens kollekte wil aangaan
*Dink aan bedrywighede van die dag wat voorlê*
*Besef net af en toe dat daar minderbevoorregtes is*
Roetine wat min indruk maak

**Seëngroet**

Word geseën om die week in liefde te gaan lewe (19)
Innerlike kalmte/rustigheid/vrede/vreugde wat God gee (12)
Wonderlik/’n voorreg/voel goed/veilig opgedra aan God (11)
God bemoedig/versterk/groet my (8)
Dankbaarheid (8)
Afsluiting (6)
Nabyheid van God (4)
Herhaal die woorde in my gedagtes (3)
*Nie veel nie/niks nie* (2)
Liefde teenoor God
’n Hoogtepunt om op te kyk om geseën te word.

**Reaksielied**

Dié wat dit ken: Dis goed om dit te sing/lofprysing, dank, blydskap (7)
bevestig dat ek my God se seën toe-eien (7)
afsluiting (4)
ervaar God se nabyheid/rustigheid (4)
betrokkendheid/oorgawe (3)
gevoel van "Dit sal so wees"/'n gebed (2)
samevattende reaksie/afskeid deur die gemeente (2)
woorde bly 'n mens by
sê dankie vir 'n geseënde diens
gevoel dat die diens nie moet eindig nie

**Nagmaal**

Dankbaar oor sondevergifnis (15)
Bely saam met die gemeente my geloof in die gekruisigde Christus (12)
Innerlike voeding met brood en wyn (11)
Sondebelydenis (8)
Hoop/troos/moed/verseker van ewige lewe (8)
Persoonlike/geestelike ervaring van genade (8)
Voel afhanklik van God/introspeksie (5)
Emosionele ervaring/hoogtepunt in geestelike lewe (3)
Besef/visualiseer afwassing van my sondes (3)
Bevoorreg om deel te wees van die wonderlike geleentheid (3)
Verwondering dat Christus vir my as sondaar wou sterf (3)
Strewe om volgens God se wil te gaan leef (2)
Gedenk dit tot sy eer/dat ek God gehoorsaam het deur deel te hê aan die Nagmaal (2)
'n Ontmoeting met God (2)
Bid vir ander gelowiges aan tafel (2)
Ervaar 'n gewyde oomblik
*Bekyk die ritueel van buite en kom nie diep onder die besef nie*
*Weet nie hoe om oor Nagmaal te voel nie*
*Aparte tafels is steurend*
*Verkies dat hele gemeente saam Nagmaal vier*
*In moederskamer het 'n mens nie 'n baie intense belewenis nie*

**Doop**

Onthou my eie belofte aan God (11)
Bewus van God se genade in die daarwees van die verbondskind (10)
Blye gebeurtenis/dankbaar – nog 'n kind wat in sy naam gaan grootword (10)
Voel ek lê ook 'n belofte af ten opsigte van myself/herinner en verwonder oor verbond (9)
Bewus van my verantwoordelikheid (8)
Bevestig dat ons sy kinders is (7)
Gebed om erns/ondersteuning en leiding met opvoeding (7)
Wonderlike troos/hoop veral as jyself kinders het (5)
Emosionele/intense/persoonlike gebeurtenis (4)
Formulier raak my diep – God se genade en belofte (3)
'n Groot gebeurtenis, want klein gemeentes het min doopgeleenthede (3)
Weet dat die ouers nie altyd doen wat hulle belowe nie (3)

Wonderlik om ’n getuie daarvan te wees (2)
Versterkend (2)
Treffend veral as klein kindertjies geroep word om te kom kyk (2)

**Aflê van geloofsbelydenis**

Dink terug aan eie geloofsaflegging (16)
Emosionele ervaring/dankbaar dat daar nog mense is wat tot die besluit gekom het (11)
Bely weer my afhanklikheid van God (9)
Dankbaar en gelukkig en hartseer (9)
*Wonder/bid oor die omvang/erns van die saak* (8)
Dankbaar oor sondevergifnis (7)
Hoop dat hulle geloof bly groei (4)
Bewus van die genade om God te ken en te kan bely (3)
’n Nuwe besef/verantwoordelikheid van wat ek bely het (3)
Besonders om te sien hoe God sy kerk laat groei en beskerm (2)
Versterkend (2)
Trotse gevoel dat dit in jou lewe gebeur het
Besef hoe broos die jong kinders is
Besef dis nie net ’n ritueel nie
*Nie juis iets nie*

**Bevestiging van ampsdraers**

Wonderlik/versterkend dat gewilligheid tot diens bestaan (11)
Biddend opdra aan God (10)
Luister na en besef die geweldige verantwoordelikheid van ampsdraers (9)
*Nie juis iets nie* (9)
Beleef dat daar helpers is om die predikant/ander ampsdraers te help (6)
Dankbaar teenoor God dat Hy klein/nietige mense kies/toerus om leiding te neem (5)
*Skepties – doen broeder dit ter wille van CV/gaan hulle tyd/lus hê daarvoor* (4)
*Skepties/sinies oor die toerusting/bekwaamheid van die ampsdraers/hul verhouding met God* (3)
Dat ek as diakones voor die gemeente en voor God bevestig kan word (2)
Dink aan my plig om hulle werk te vergemaklik (2)
Besef dat elkeen ’n besondere taak in die gemeente het (2)
*Emosioneel en bekommerd, want ek weet nie of broeder besef wat die belofte inhou nie* (2)
*Wonder hoekom vroue nie ook tot ampdsdraers geroep word nie* (2)
Weet al is ek nie in ’n amp nie, ek steeds in amp van die gelowige is
Neem kennis van die nuwe persone in die amp
Kerk kan net voortbestaan as ampsdraers leiding neem
Wete dat ek verkies is en dat ek die belofte in stil gebed kan aflê
Dankbaar as daar iemand bevestig kan word in ’n klein gemeente
*Wens dat vroue ook as diakens bevestig kan word/groot behoefte daaraan*
*Vermoed vroue is ernstiger oor die saak as mans*
*Formulier moet nie bloot afgelees word nie, kommentaar tussen in is verkieslik*

## Bylae B

### Opsomming van die vraelys wat gehandel het oor die aktiwiteit van die Gereformeerde belydende vrouelidmaat tydens die erediens

Die afkortings bo-aan die tabelle dui op die verskillende maatstawwe wat aangewend is om 'n verteenwoordigende beeld van die Gereformeerde vrouelidmaat in Pretoria en omliggende gebiede te kry.

**Sleutel van maatstawwe:**

| | | |
|---|---|---|
| GR | – | grootste gemeentes |
| KL | – | kleinste gemeentes |
| VS+ | – | voorstedelike gemeentes waar landbouhoewes nog voorkom |
| VS- | – | voorstedelike gemeentes waar landbouhoewes nie meer voorkom nie |
| PLAT | – | plattelandse gemeentes |
| STAD | – | stedelike gemeentes |
| K:KL | – | Kultuur: kleurlinggemeente |
| K:EN | – | Kultuur: Engelssprekende gemeente |
| K:SW | – | Kultuur: swart gemeente |
| K:FR | – | Kultuur: Franssprekende gemeente |
| NG | – | Nederduits Gereformeerde gemeente |
| NH | – | Nederduitsch Hervormde gemeente |

**Interpretasiewyse:**

Indien gemeentes die betrokke aktiwiteit as gebruik beoefen, word dit in die kolom ter sprake met 100% aangetoon. Indien gemeentes die aktiwiteit in wisselende mate beoefen, word 'n blanko spasie in die kolom gelaat en indien gemeentes die aktiwiteit glad nie beoefen nie, word dit met 'n X in die spesifieke kolom aangedui. Indien ses of meer kolomme 100% aktiwiteit aantoon, word die aktiwiteit as *aktief* gereken. Indien ses of meer kolomme geen aktiwiteit aantoon nie, word die aktiwiteit as *geen deelname* gereken.

## Bylaag B

## Aktiwiteite wat tydens die erediens plaasvind:

| **Is jy/vroue tydens die erediens betrokke by:** | **GR** | **KL** | **VS+** | **VS-** | **PLAT** | **STAD** | **K:KL** | **K:EN** | **K:SW** | **K:FR** | **NG** | **NH** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| ***Votum*:** | | | | | | | | | | | | |
| - stilswyend aanhoor | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% |
| - voorgaan in die voorlees uit die Skrif | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | | |
| - hardop opsê van 'n spesifieke Skrifgedeelte | X | | | | X | | X | X | X | | | |
| - sing berymde deel as *votum* | | | | | | | 100% | X | X | | | |
| **Sang**: | | | | | | | | | | | | |
| - voorsanger | X | | X | X | X | | 100% | X | 100% | 100% | | X |
| - aktiewe samesang | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% |
| - koorsang tydens die erediens | | | X | | | | 100% | | | 100% | 100% | |
| - beurtsang | 100% | | | | | | X | | X | 100% | 100% | 100% |
| **Gebed**: | | | | | | | | | | | | |
| - voorgaan vir die gemeente | X | X | X | X | X | X | X | X | X | | X | X |
| - stilswyende deelname | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% |

| **Is jy/vroue tydens die erediens betrokke by:** | **GR** | **KL** | **VS+** | **VS-** | **PLAT** | **STAD** | **K:KL** | **K:EN** | **K:SW** | **K:FR** | **NG** | **NH** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Geloofsbelydenis**: | | | | | | | | | | | | |
| - voorgaan vir die gemeente | X | X | X | X | X | X | X | | X | X | X | |
| - stilswyende deelname | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | | X | X | 100% | 100% | 100% |
| - hardop opsê saam met die hele gemeente | | X | | | | | 100% | 100% | X | 100% | 100% | |
| - tydens berymde geloofsbely-denis: as solis | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X |
| : as deel van die gemeente | | | | 100% | 100% | 100% | 100% | X | X | X | X | 100% |
| **Wet**: | | | | | | | | | | | | |
| - voorgaan vir die gemeente | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | | 100% |
| - stilswyende deelname | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | X | X | 100% | 100% | 100% |
| - hardop opsê saam met hele gemeente | | X | | X | X | | 100% | 100% | X | 100% | | |
| - tydens berymde wet: as solis | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X |
| deel van die gemeente | | | | | | 100% | 100% | X | X | 100% | | |
| **Skriflesing**: | | | | | | | | | | | | |
| - as voorleser | X | X | X | X | X | X | X | | X | | | |
| - stilswyend saam lees | | | 100% | 100% | 100% | 100% | | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% |
| **Preek**: | | | | | | | | | | | | |
| - luister stilswyend saam met gemeente | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% |

| Is jy/vroue tydens die erediens betrokke by: | GR | KL | VS+ | VS- | PLAT | STAD | K:KL | K:EN | K:SW | K:FR | NG | NH |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Slotgebed**: | | | | | | | | | | | | |
| - voorgaan vir gemeente | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X |
| - stilswyende deelname saam met gemeente | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% |
| **Kollekte**: | | | | | | | | | | | | |
| - opneem van kollekte | X | | | X | X | X | X | X | X | X | 100% | 100% |
| - gee van kollekte | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% |
| - aangee van kollektesakkie | 100% | 100% | | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% |
| - opneem van kollekte by deure (na erediens) | X | | | X | X | | X | \|<br>X | | X | 100% | 100% |
| - tel van kollekte (na afloop) | X | | | X | X | X | X | | X | X | 100% | 100% |
| **Seëngroet**: | | | | | | | | | | | | |
| - stilswyend aanhoor | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% |
| - Reaksielied na seëngroet: | | | | | | | | | | | | |
| * voorgaan vir gemeente | | X | | X | X | X | 100% | X | 100% | 100% | X | |
| * saam met die gemeente | | X | X | | X | X | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% |

| Is jy/vroue tydens die erediens betrokke by: | GR | KL | VS+ | VS- | PLAT | STAD | K:KL | K:EN | K:SW | K:FR | NG | NH |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Tydens Nagmaal**: | | | | | | | | | | | | |
| - gereed kry van brood/wyn | X | X | | | | X | X | | 100% | X | | 100% |
| - tafel gereed kry | X | | | | | X | X | X | 100% | X | | 100% |
| - kelkies gereed kry | X | X | | | X | X | X | X | X | X | | 100% |
| - betrokkenheid: | | | | | | | | | | | | |
| * opstaan en na tafel gaan | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | | 100% | 100% | 100% | 100% | | 100% |
| * brood en beker aangee | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | X | | 100% |
| * voorlees van Skrifgedeeltes | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | |
| - aanvul van wyn/brood | X | X | | X | X | X | X | X | X | X | | 100% |
| - afdra van bekers/borde na laaste gebruik | X | X | | X | X | X | X | X | | X | | |
| - voorlees van formulier na afloop van Nagmaal | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | |
| - doen van gebed na afloop van Nagmaal | X | X | X | X | X | X | X | | X | X | | X |
| **Tydens doop**: | | | | | | | | | | | | |
| - voorlees van formulier | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | |
| - vra van vrae | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X |
| - oorhandig bv. Bybel aan doopouers/dopeling | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | 100% | |
| - gebed na afloop van die doop | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X |

| **Is jy/vroue tydens die erediens betrokke by:** | **GR** | **KL** | **VS+** | **VS-** | **PLAT** | **STAD** | **K:KL** | **K:EN** | **K:SW** | **K:FR** | **NG** | **NH** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Tydens aflegging van **geloofs-belydenis** deur dopelinge: - is jy/vroue betrokke by enige fisiese aktiwiteit? | X | X | X | X | X | X | X | X | X | X | | |
| Tydens **bevestiging van ouder-linge/diakens**: - is jy/vroue betrokke by enige fisiese aktiwiteit? | X | X | | X | X | X | 100% | X | X | X | 100% | 100% |